

23 November Johannes 14:1-14; (Teks: 14:12)

Groter dinge doen as Jesus?

Was dit moontlik vir die dissipels en is dit vandag vir ons moontlik om groter dinge te doen as Jesus? Dink maar aan alles wat Hy gedoen het, byvoorbeeld opwekking van dooies. Probeer daarop verbeter! Tog sê Jesus ons sal groter dinge doen. Bedoel Hy alles wat die mens sal kan vermag met sy wetenskap? Daar word tog wonders gedoen! En tog...

Jesus neem afskeid van die dissipels en stuur hulle die wêreld in. Daar is werk om te doen - dieselfde dinge en selfs groter dinge. Dieselfde dinge: dade van dieselfde karakter. Sy dade is die werk van sy Vader en moet die Vader aan die wêreld bekend maak. So is ons medewerkers wat dieselfde werk moet doen, naamlik: om die Naam van die Vader bekend te maak, van Hom te getuig en Hom te verkondig.

So kan ons dit ook op groter skaal doen. Nie beperk soos Jesus se werk tot Judea en Galilea nie, maar die geestelike invloed van die kerk as leërmag van God deur die eeue en oor die hele wêreld. Dit begin alreeds op Pinksterdag wanneer op die prediking van Petrus 3000 mense op een dag gedoop word!

Dit is ons opdrag in die wêreld en Hy stel ons daartoe in staat deur sy Gees wat by ons bly en ons in alle waarheid lei.

Maar onthou, Hy sê: "Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen." Dit is die voorwaarde en dit is die eis waaraan ons eers moet voldoen, naamlik geloof in Hom.

Sing: Psalm 89:6

Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen (Windhoek)